

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Sondag 38

Vierde gebod

Dr AH Bogaards

Lees: Ps.92

Teks: Ps.92:2,3,9,16

HK: Sondag 38

Psalms: Ps.92:1,2; 9:7; 92:3,4; 92:5,6; 92:7

1. Inleiding

Psalm 92 is 'n Psalm wat bestem is vir die Sabbat, die Rusdag.

Hierdie lied wil ons leer wat ons op die Rusdag moet doen. In die Hebreeuse teks begin Psalm 92:2 met die woordjie *goed*: *Goed* is dit om die HERE te loof. Ons kan die woordjie goed met doel of bedoeling of bestemming vertaal: Dit is goed, dit is die doel van die rusdag naamlik: *om die HERE loof Lofprysing!*

Die volgende sleutelwoord is die woord *verkondig* wat in sowel vers 3 as vers 16 voorkom. Dit gee ook 'n nadere verklaring van wat lofprysing is: verkondiging is lofprysing en lofprysing is verkondiging. Wie die groot werke van die HERE *verkondig lofprys*. Die Psalm begin en eindig met die woord *verkondiging*. Dit omraam die Psalm 92. Hierdie konstruksie word ook in die Hebreeuse digkuns 'n omraming genoem. En die bedoeling van so 'n omraming is: om vir ons te sê waaroor dit in dié Psalm gaan: dit gaan om verkondiging; dit is goed om te verkondig. Al verkondigende prys ons die HERE en is ons by die werklike bedoeling van die rusdag.

Vers 3 en 16 sê wat die inhoud van hierdie verkondiging of lofprysing moet wees. Ons moet die *goedertierenheid en die trou* van van die HERE *verkondig* (vers 3) en ons

moet **verkondig** dat die HERE reg is, dat Hy ons **rots** is ... (vers 16). Dit gaan oor die daede, oor die werke van die HERE , sê vers 5.

Die **goedertierenheid** en **trou** van die HERE kan ons ook eenvoudiger vertaal as sy **verbondslojaliteit** en sy **verbondstrou**.

En nou moet ons nog 'n stappie verder gaan: As ons van **goedertierenheid en trou** hoor en van die woord **rots**, dan moet u dadelik dink aan **Christus!**

In ons Here Jesus Christus het die **verbondslojaliteit** van die HERE jeens sy verbondskinders en God se absolute **verbondstrou** aan sy beloftes op die heerlikste wyse tot openbaring gekom. So lojaal is die HERE jeens ons, dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie. En in Hom het al God se beloftes van vergewing en ewige lewe in vervulling gegaan. In Christus se lewe en werk aanskou ons God se verbondsliefde en trou (Joh 1:14, genade en waarheid = verbondsliefde en trou). En Christus is die **rots** waarvan die Psalms sing (Mt 16:18).

Kom ons vat alles weer saam: Wie God se werke in Christus verkondig, hy lofprys, hy is by die eintlike bedoeling van die Sabbat.

Dit is so wonderlik mooi hoe hierdie Psalm aan mekaar sit. In die Hebreeuse digkuns bestaan 'n vers heel dikwels (meestal) uit twee dele. Kyk byvoorbeeld na vers 2:

1. Om in die môre u goedertierenheid te verkondig (eerste deel)
2. En u getrouheid in die nagte (tweede deel)

Maar kyk nou na vers 9. Dit bestaan net uit een lid/deel: **Maar U is hoog verhewe tot in ewigheid, HERE!** U staan bo alles.

Maar dit is nie al nie. Die verse voorafgaande aan vers 9 bestaan uit 52 woorde en verse volgend op vers 9 bestaan ook uit 52 woorde. Vers 9 staan dus in die sentrum. EN: voorafgaande aan vers 9 is daar 7 verse bestaande uit 2 dele elk (vers 1 word uitgesluit, want dit is net die aanhef) EN op vers 9 volg weer 7 verse bestaande uit 2 dele elk.

Maar dit is nog nie al nie. En in die verse voorafgaande aan vers 9 word die **Godsnaam**, **HERE**, 3 keer gebruik en in die verse daaropvolgend ook 3 keer, en in vers 9 die

sewende maal. Dit kan verband hou met die gebruik van die Psalm op sewende dag., Immers, die getallesimboliek is in die Bybel baie belangrik.

En nogeens wil ek alles saamvat: Met Psalm 92 verkondig ons dat die HERE hoog verhewe is. En Hy wat bo alles staan en oor alles triomfeer, Hy sal sy werk deur niks laat keer nie. Hy SAL sy werke van liefde en trou aan sy volk te verwerklik nie. Daarop kan sy volk vertrou. (Die HEER's my rots, my vesting sterk, my redder wat my heil bewerk ... Ps 18:1, Totius).

Die res van die Psalm laat ons sien wat die goedertierenheid en trou van die HERE, wat ons Here Jesus vir die regverdige beteken.

In die lig hiervan kyk ons nou na:

1. Die *voorspoed* van die regverdige;
2. die *groebodem* van die regverdige;
3. die *Planter* van die regverdige; en
4. die *vrug* van die regverdige

2.1. Die voorspoed van die regverdige

Eintlik praat Psalm 92 van twee groepe mense:

- Vers 7 praat van 'n dom mens, 'n *dwaas*. Dit beteken nie dat hulle 'n lae IK het of nie 'n goeie verstand nie. Hulle dwaasheid is daarin geleë dat hulle met die HERE en sy Woord nie rekening hou nie. Hulle is blind vir sy werke in Christus Jesus, vir sy **verbondsliefde en trou**.
- Daarteenoor staan die *regverdige* van vers 13. Dit is die gelowiges. Hulle is regverdiges, nie omdat hulle in hulleself sondeloos is nie, maar danksy die **verbondsliefde en trou** van Christus in sy verlossing..

In die res van die Psalm word hierdie twee groepe met mekaar vergelyk:

- Die *dwase* word vergelyk met die *gras* van die veld. Gras hou nie lank nie. Nou is dit daar en netnou het dit vergaan. Op die oog af mag dit lyk asof dit met die goddelose in die wêreld goed gaan. Hulle geniet voorspoed, terwyl hulle wat

digby die HERE leef, dikwels beproef word. Maar die skyn bedrieg. Nou bloei die goddelose op, maar dit is van korte duur. As die goddelose groei soos gras, is dit om hulle vir ewig te verdelg.

- Die **gelowige** daarenteen "sal groei soos 'n *palmboom*; hy sal opgroei soos 'n *seder* op die Líbanon". Die palm en die seder is die twee konings onder die bome. Beide het besondere groeikrag en altwee is altyd groen. Die palm kan twee eeue oud word en die seder nog ouer. Die palm – eintlik word hier die dadelpalm bedoel – is ook bekend vir die ontsaglike aantal vrugte wat dit voortbring. Met die beeld van die twee bome word die geseëndheid en die duursaamheid van die lewe van die gelowige geteken. Die geluk en die voorspoed van die goddelose is maar kort van duur. Die geluk van God se kinders is ewig.

En dit staan hier as belofte van God. Al lyk dit nou miskien nie so nie, tog mag u dit weet op grond van God se **verbondsliefde en trou** in Christus se verlossing.

Daarmee is ons al by die tweede, by die die geheim van die regverdige se groei en geseëndheid:

2.2. Die *groeibodem* van die regverdige

Uit praktiese ondervinding weet ons dat dit belangrik is waar jy 'n boom plant of waar jy die saad saai. Dit bepaal of daar iets van jou plantjies tereg sal kom. Jesus het ook in hierdie verband 'n gelykenis vertel: 'n Sekere man het saad gesaai. Sommige van die saad het op slegte bodem beland: op die harde pad, tussen die dorings en op rotsagtige plekke. Van daardie saad het vanselfsprekend niks tereggekome nie. Gelukkig het 'n deel van die saad ook op goeie grond geval en ryklik vrugte opgelewer.

En presies dit is óók die geheim van die seder en die dadelpalm in ons teks. Vers 14 sê vir ons in wat se vrugbare grond die gelowige staan: "Geplant in die huis van die HERE, sal hulle groei in die voorhove van onse God". Hierdie bome staan in die tempel van die HERE.

Dit is belangrik om te weet dat die mure van die *tempel van Salomo versier* is nie alleen met engele nie, maar ook met *palmbome* (1 Kon.6:29). In die visioen wat Esegíel (hoofstuk 40 en 41) van die tempel sien, is daar palmbome ook op die deurposte en die

deure van die hoofvertrek. Heel waarskynlik het die digter van Psalm 92 daaraan gedink toe hy gesê het dat die gelowige soos palmboom is wat geplant is in die huis van die HERE.

Maar wat beteken dit nou dat die gelowige geplant is in die tempel? Daar in die huis van die HERE het God self gewoon. Daar is die evangelie van sy goedertierenheid en trou verkondig, onder andere in die offers wat daar gebring is. Al daardie offers het immers gesprek van die kruis van ons Here Jesus Christus.

Ons kan daarom ook maar sê: Die gelowige is ingeplant in die evangelie van ons Here Jesus Christus. Ons is gewortel in die heilsgrond van Golgota. Of om dit nou maar so te sê: Die gelowige is ingeplant in die **verbondsliefde en trou** van God in Christus.

Dit is so wonderlik mooi dat ons belydenis ook juis hierdie beeld van "ingeplant", "in Christus *ingeplant*" gebruik. Gaan lees maar gerus vraag en antwoord 64. Daar gaan dit om die vraag of die leer van genade alleen nie miskien sal maak dat mense onverskillig en roekeloos maak nie. Daarvan her die Roomse Kerk die Reformasie inderdaad beskuldig. Rome het gesê: Hierdie leer van julle dat die mens net deur genade gered word, sonder werke, sal maak dat die mense sê: Nou kan ek maar maak wat ek wil; ek hoef nie meer goeie werke te doen nie; Christus het alles gedoen. Daarop antwoord ons Kategismus dan deur te sê: "..... dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus *ingeplant* is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie". Sien u: Christus is ons voedingsbodem. Sy verlossingswerk is die geheim van ons Christelike lewe. Hy en Hy alleen is die geheim van ons ewige lewe.

Totius het ons teks so skitterend mooi en juis gerym:

"'n Palmboom hoog en rustig,
'n seder sterk en skoon
met breë blarekroon -
so groei Gods volk, so lustig.
Hul groei deur Gods genade".

Hul groei ... *deur Gods genade!* **Deur sy verbondsliefde en trou!**

Wat beteken dit alles nou heel prakties vir ons vandag? Die vraag is eintlik al beantwoord. Die antwoord is so heel, heel eenvoudig: In die kerk, in die prediking, vind u

die vrugbare grond waarin u ingeplant moet word. Deur die prediking van die Woord groei ons. Daarin kom God se werke, sy goedertierenheid en trou in Christus immers tot ons.

Dit beteken natuurlik nie dat dit goed genoeg is om maar net te luister nie. Ons moet ook glo wat ons hoor. Deur die geloof word ons ingeplant in Jesus Christus.

Maar dit bring ons by die volgende:

2.3. Die *Planter* van die regverdige

Dit is besonder opvallend dat die eerste woorde van vers 14 in die passiewe vorm staan: "*Geplant* in die huis van die HERE...". Die boom het nie vanself daar gekom nie. Iemand Anders het dit daar geplant. 'n Boom kan nie self sy groeibodem kies nie. 'n Boom het nie voete nie.

Dieselfde geld van ons as gelowige. Ons kom nie uit ons eie tot geloof nie. God skenk ons die geloof en deur die geloof plant Hy ons in in die grond van die kruis.

Hier wil ek u nogeens wys op vraag en antwoord 64 van die Heidelbergse. Daar staan dat ons "deur 'n ware geloof in Christus *ingeplant is*". Ook dit staan in die passiewe vorm. Ook die Reformatore was so terdeë daarvan bewus dat die geloof nie 'n prestasie van die mens is nie. Dit is 'n skeppingswonder van God. *Hy* skenk ons die geloof en deur die geloof plant *Hy* ons in in die lewegewende en lewewekkende en vrugdraende grond van die blye evangelie.

Maar ons kom by die vierde:

2.4. Die *vrug* van die regverdige

'n Boom deur die HERE geplant in die evangelie sal *sekerlik* vrug dra. Dit belof die HERE uitdruklik in vers 15: "In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra...". Dit is 'n belofte. Die voedingsbodem van die geloofsboom maak dit moontlik. Deur die krag van die Woord dra ons vrugte.

ÉN - die **VRUG** word ook uitgespel. **EN DIT BESTAAN IN – VERKONDIGING!**

In die "verkondiging dat die HERE reg is, my rots en in Hom is geen onreg nie". As ons

werklik glo, as ons waarlik ingeplant is in Jesus, dan word ons lewe 'n verkondiging, 'n prediking en ons prediking is dat die HERE reg is, dat Hy ons rots is.

Dit is 'n verwysing na die lied van Moses in Deut.32 waar hy sê: "Die Rots—volkome is sy werk; want al sy weë is strafgerigte; 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy".

Kom ek sê dit nog eenvoudiger: Aan die begin van hierdie preek het ek vir u gesê dat Psalm 92 'n lofsang op die HERE se verbondslojaliteit en trou. Dit is 'n jubelsang op sy werk in Christus. **DÍT** is dus wat ons moet **verkondig**: Ons moet ander mense verkondig van God se oorweldigende liefde in die gawe van sy Seun verkondig. dat Jesus alleen ons verlos van die oordeel van God, dat net Hy ons kan red van die mag van die sonde. **DÍT** is die **vrug** wat ons moet dra.

3.Slot

Van goederetierenheid sal ek vir ewig sing en aan u trou altyd my hulde bring (Ps 89:1, Totius). **Dít** is die doel van hierdie rusdag.

AMEN